

DIE drietal, hond, uil en vark, het dieselfde basiese ontwerp en een en almal kan ook as 'n kussing gebruik word. Die rolkussing kan met kapok of opgesnyde skuimrubberstukkies opgestop word.

Teken diagramme vir ore, stert, tong en voete op geruite papier oor om patroon te verkry. Onthou 1 blokkie = 1 cm.

Ons het katoen gebruik vir die hond se flapore, pienk en wit hartjies van katoen vir die vark se ore en kolletjiesmateriaal vir die uil se voete, maar eintlik kan enige materiaal (selfs oorskietlappe) gebruik word. 'n Bietjie vilt, garing, borduurgaring, lint en vier pypdeurstekers is ook nodig.

HOND

BENODIGDHEDE: Wit katoenstof, 60 x 30 cm; geruite katoenstof, 40 x 90 cm; effe-
kleurige blou katoenstof, 26 x 18 cm;
swart, wit, blou en rooi oorskietvilt; 40 cm
rooi satynlint (2 cm breed); bypassende
garing.

AANWYSINGS: 1 cm naattoelatings is
ingesluit.

ROLKUSSING: Knip twee sirkels elk met
deursnee van 14 cm, uit wit katoen. Knip
ook uit wit katoen, een langwerpige lap
28 cm lank en breed genoeg om rondom
sirkel te pas. (Meet omtrek van een sirkel,
1 cm van rafelrand af en tel 2 cm by.) Stik
al om elke sirkel, 1 cm van rafelrand af.
Sny kepe in naattoelatings. Vou wit lang-
werpige lap dubbel in lengte met regte
kante opmekaar. Stik lang naat toe.
Speld sirkels aan weerskante in openinge
van lapbuis vas, met regte kante op-
mekaar en stik in posisie vas. Laat 'n klein
openinkie aan een kant. Dop werk na
regte kant om. Stop baie goed op met
kapok en werk opening met die hand
toe.

OORTREKSEL: Knip oortreksel uit geruite
katoen, 40 cm lank en breed genoeg om
rondom rolkussing te pas. Onthou om

twee cm by te tel vir naattoelating. Vou
oorlangs dubbel met regte kante op-
mekaar en stik lang naat toe. Dop om na
regte kant. Werk rafelrande af. Stik ryg-
steke 1 cm van rand af. Trek kussing oor
en trek garing styf. Knoop garing en werk
eindpunte af. Herhaal by teenoorge-
stelde eindpunt.

NEUS: Knip 'n sirkel met deursnee van
3,5 cm uit swart vilt. Werk al ooreen inge-
plooid rand met swart borduurgaring
en komberssteek.

OË: Knip twee sirkels elk met deursnee
van 3,5 cm uit wit vilt, en twee sirkels elk
met deursnee van 2,5 cm uit blou vilt.
Plaas blou vilt op wit vilt en werk oë aan
weerskante van neus bo vas met bor-
duurgaring en komberssteek. Knip tong
uit rooi vilt en werk boonste rand net
onder neus met komberssteek vas.

VOETE: Knip vier voete uit geruite katoen-

Die speelgoed-



stof. Speld voete twee-twee aanmekaar met regte kant opmekaar en stik. (Laat 'n klein openinkie.) Dop werk na regte kant om. Werk opening met die hand toe en werk dan onder aan hond vas, 6,5 cm van vóórpunte af. Bind 'n rooi strik om hond vas net voor voete. Werk met hand vas.

ORE: Knip twee ore uit geruite katoen en twee uit effekleurige katoen. Speld ore twee-twee saam met regte kante na mekaar. Stik, maar los reguit kant oop. Dop om na regte kant en werk met die hand toe. Vou twee klein plooitjies bo in reguit rand van elke oor en werk in posisie oor lint aan hond vas.

STERT: Knip stert uit effekleurige katoen. Werk twee pante van stert aanmekaar met regte kante opmekaar. (Los reguit rand oop.) Dop om na regte kant. Stop met kapok op en werk dan met die hand toe. Werk in posisie vas.

UIL

BENODIGDHEDE: Wit katoenstof, 40 x 30 cm; kapok; blou koordfluweel, 40 x 40 cm; blou geruite katoen; bont oorskietkatoen; aanstrykbare binnebelegsel; oorskietstukke vilt: geel, blou, wit en rooi; oorskietstukkies geel wol; donkerblou borduurgaring; bypassende garing.

AANWYSINGS: 1 cm naattoelatings is ingesluit.

Volg aanwysings vir hond om basiese rolkussing te maak, maar rolkussing vir uil is slegs 15 cm lank. Wysig mate waar nodig.

Knip oortreksel vir uil uit blou koordfluweel en volg aanwysings vir hond.

VLERKE: Knip twee vlerke uit geruite katoenstof, twee vlerke uit koordfluweel en twee vlerke uit binnebelegsel. Stryk binnebelegsel aan verkeerde kant van koordfluweelvlerke vas. Speld katoenvlerke aan koordfluweelvlerke vas met regte kante opmekaar. Stik, maar los 'n

klein openinkie. Dop werk na regte kant om en werk met die hand toe. Werk vlerke in posisie vas met geruite kant bo.

VOETE: Knip viervoete uit bont katoen en twee voete uit binnebelegsel. Stryk binnebelegsel aan verkeerde kant van twee van voetpante vas. Speld voetpante twee-twee aanmekaar met regte kante opmekaar. Stik, maar laat 'n klein openinkie. Dop voete na regte kant om en werk openinge met die hand toe. Werk voete in posisie vas.

OË: Knip twee sirkels elk met deursnee van 2,5 cm uit wit vilt, twee sirkels elk met deursnee van 1,5 cm uit rooi vilt en twee oë volgens diagram uit blou vilt. Plaas drie onderdele van elke oog opmekaar en werk in posisie aan uil se kop vas met komberssteek.

NEUS: Knip neus volgens diagram uit geel vilt, en werk met komberssteek in posisie vas.

NA BLADSY 108

bende

Dié drietal, die speelgoedbende is groot maats. Hulle is sag troetelbaar en sal elke kind se hart steel!



NET VIERKANTE

VAN BLADSY 65

begin van skouerstuk aan te dui.

Brei nog 18(20) cm pat en eindig met 'n eerste pat-ry — 50(56) rye.

Halsvorming: Vlg ry: Heg 26 ste rifsgewys af en brei pat tot einde. Vermin een st aan einde (halsrand) van vlg ry, en 1 st aan dieselfde rand in daaropvlg 5 rye — 69(72) ste. Brei nog 14 rye pat en eindig met 'n VK-ry in middel van skouerstuk van voorpant.

Knip D af en heg C vas.

Vlg ry: Deurgaans r.

Beg met 2e pat-ry, brei 13 rye pat en eindig aan halsrand.

Vermeer 1 st aan beg van vlg ry en 1 st aan dieselfde rand in daaropvlg 5 rye en eindig

met 'n VK-ry.

Vlg ry: Brei pat tot einde, en stel nog 26 ste op — 101(104) ste.

Brei nog 18(20) cm pat — 50(56) rye. Plaas 'n merker aan weersk van laaste ry om einde van skouerstuk en bopunt van mou aan te dui.

Brei nog 36 cm pat (100 rye) en heg rifsgewys af.

SKOUEERSTUK EN MOUE (AGTER-PANT): Beg weer aan regtermourand, brei om met skouerstuk en moue van voorpant ooreen te stem, maar sonder halsvorming, en vervang D deur C en C deur D.

KRAAG: Stel met B en 3,75-mm-breinaalde 171 ste op, en brei voort soos volg:

1e ry: (RK) r2, (awl, r1) tot laaste st, r1.

2e ry: r1, (awl, r1) tot einde.

Herh die 2 rye tot werk 23 cm lank is vanaf beg — 64 rye.

Heg lossies rifsgewys af.

MOUBOORDJIES: Werk skouer- en mounate toe. Met RK van werk voor en 3,25-mm-breinaalde heg A vas en tel op en r een st uit elke r-st aan mourand en een st uit mounaat — 67(69) ste.




Beg met 'n 2e ry en brei 20 cm (56 rye) rif soos vir kraag. Heg rifsgewys af.

AFWERKING: Werk afhegrande van hoofdeel aan rand van skouerstuk tussen merkers vas en werk synate toe. Werk kraagnaat toe en werk afhegrand van kraag aan halsrand vas. Vou mouboordjies dubbel na VK kant en werk in posisie vas. Vou kraag na RK om. Hou papierbandjie van verpakking vir wasaanwysings. ●

VAN BLADSY 71

Die speelgoed-
bende

DIAGRAMME VIR BENDE



1 Blokkie = 1 cm



HARE: Sny 'n klomp stukkies geel wol af vir hare. Vou dubbel en werk in posisie op kop vas.

VARK

BENODIGDHEDE: Wit katoen, 60 x 30 cm; kapok; pienk rekstof, 40 x 90 cm; oorskietstukke pienk katoen; oorskietvilt; donkerblou en swart; aanstrykbare binnebelegsel; vier pypdeurstekers; pienk borduurgaring; bypassende garing.

AANWYSINGS: 1 cm toegelaat vir nate.

KUSSING EN OORTREKSEL: Volg aanwysings vir hond.

NEUS: Knip 'n sirkel met 'n deursnee van 14 cm uit pienk katoen. Vou rafelrande 5 mm na verkeerde kant om en pars vou plat. Werk rygstekies al om rand. Plaas 'n klein stukkies kapok in middel van sirkel en plooi in. Werk eindpunte af. Werk neus in posisie vas oor een plooi bedekte eindpunt van oortreksel. Knip twee sirkels elk met deursnee van 1 cm uit swart vilt en werk op neus vas met Franse knopies.

OË: Knip twee sirkels elk met deursnee van 1 cm uit blou vilt. Werk in posisie net bokant neus vas met Franse knopies in pienk borduurgaring.

ORE: Knip vier ore uit oorskietkatoen en twee ore uit binnebelegsel. Stryk binnebelegselpante aan verkeerde kant van twee oorpante vas. Speld ore twee-twee aanmekeer en stik. (Los onder oop.) Dop om na regte kant en werk net bokant oë vas.

STERT: Knip 'n strokie, 18 x 2,5 cm groot uit bont katoen. Vou oorlangs dubbel met regte kante opmekeer en stik lang naat toe. Ryg vier pypdeurstekers deur en werk eindpunte toe. Draai stert om 'n potlood om verlangde vorm te verkry, en werk in posisie vas.

VOETE: Volg aanwysings vir hond. ●